

**PROF MS MAKHANYA, REKTOR EN VISEKANSELIER  
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA  
AMPTELIKE ONDERTEKENINGSPLEGTIGHEID:  
MEMORANDUM VAN VERSTANDHOUDING TUSSEN  
DIE STAD JOHANNESBURG EN HOËRONDERWYSINSTELLINGS  
DONDERDAG, 05 JUNIE 2019  
16E VERDIEPING, A-BLOK, METROPOLITAN SENTRUM,  
CIVIC BOULEVARD 158, BRAAMFONTEIN**

Dankie, geagte Programleier: Raadslid dr Valencia Ntombi Khumalo (lid van die Burgemeesterskomitee: Korporatiewe en Gedeelde Dienste, Stad Johannesburg)

- Raadslid Herman Mashaba, Uitvoerende Burgemeester: Stad Johannesburg
- Raadslid Dr Mpho Phalatse, lid van die Burgemeesterskomitee: Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling, Stad Johannesburg
- Professor Tshilidzi Marwala, Visekanselier en Rektor: Universiteit van Johannesburg
- Professor Adam Habib, Visekanselier en Rektor: Universiteit van die Witwatersrand



- Mnr Jan Erasmus, Waarnemende Groephef: Groepstrategie, Beleidskoördinerig en Betrekkings, Stad Johannesburg
- Dr Ndivhoniwani Lukhwareni, Stadsbestuurder: Stad Johannesburg
- My Unisakollegas en kollegas van susterinstellings
- Geagte gaste, dames en here

Ek praat namens die Raad, uitvoerende bestuur, personeel, studente en belanghebbers van Unisa as ek sê dat dit aangenaam is om deel van die ondertekening van hierdie belangrike memorandum van verstandhouding (MvV) te wees.

Unisa het reeds 'n soortgelyke MvV met die Tshwane munisipaliteit onderteken, en ons wil met graagte saamwerk met die Stad Johannesburg en ons twee susteruniversiteite, UJ en Wits. Hierdie MvV is 'n manifestasie van die strategiese samewerking en gedeelde verbintenis tot die aanwending van ons kollektiewe intellektuele kapitaal en kundigheid, hulpbronne en vermoëns om ons onderskeie visies en strategiese en bedryfsintervensies te verwesenlik. Dit is 'n wen-wensamewerkingsoorkoms wat verreikende en sinvolle resultate vir ons studente en die inwoners van Johannesburg sal oplewer mits dit behoorlik verken en ontgin word. Dit is myns insiens 'n ware uitdrukking van ubuntu/botho. Dit is wat gebeur wanneer mense ongeag hulle politieke affiliasie of ideologiese agenda met die oog op 'n gemeenskaplike doelwit en vir die algemene welsyn saamwerk.



Hierdie MvV is om drie redes van belang. Ten eerste is dit 'n bewys van die praktiese en pragmatiese samewerking wat eng belange of perke oorstyg as mense hulle in ons land en op die res van die vasteland verbind tot die herlewing van Suid-Afrika en Afrika. Dit word by die dag duideliker dat ons alle moontlike hulpbronne en vermoëns waaroor ons gesamentlik beskik, sal moet inspan om vooruitgang te maak. Ons is ons almal se plig.

Ten tweede getuig 'n MvV soos hierdie van ons lojaliteit teenoor ons medeburgers en ons voorneme om 'n sinvolle, meetbare bydrae te lewer ten einde ons eie lewens, samelewing en die hele vasteland voorspoedig te maak.

Ten derde het ons as universiteite in hierdie streek belang daarby dat die streek floreer en slaag ten opsigte van die nege prioriteite wat in hierdie MvV gestel word. Meneer die burgemeester, u sukses is ons sukses en u volhoubaarheid is ons volhoubaarheid. Saam het ons drie universiteite 'n geweldige intellektuele vermoë van voortreflike gehalte in verskeie dissiplines en toepassings wat met die oog op ons prioriteite, visies en strategieë aangewend word. Ons sal ons deel doen.

Daar bestaan by my geen twyfel dat hierdie ooreenkoms tot ons



wedersydse vooreel sal strek nie. Ek is vol vertroue dat die bande wat ons vandag smee, in die maande en jare wat voorlê, sal groei en ontwikkel tot voordeel van ons almal.

Ek bedank u!

